# Hillcrest High School

Graad 11

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

JUNIE 2023

**PUNTE: 80** **EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**TYD: 2 uur** **MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

4. **Begin elke afdeling op ’n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

   **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Schoeman en Henderson.**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks A**

**Heldin van De Aar wil nou verpleeg ná sy tweede baba die lewe inhelp.**

1. Meralize Perry (19) , 'n matrikulant van die Hoërskool Veritas in De Aar het oornag roem verwerf nadat sy Dinsdag ingespring en gehelp het om haar buurvrou, Megan Pieterse, se baba in die lewe te bring.



**Megan Pieterse is ontsettend dankbaar teenoor Meralize Perry wat haar Dinsdag gehelp het toe haar dogtertjie, Kaylin, gebore is.**

2. Meralize was Dinsdagoggend laat vir skool. Die hekke was reeds gesluit toe sy daar aankom en sy moes terugkeer huis toe.

3. Sy het pas by die huis gekom toe Pieterse se man, Mannetjies, by hul huis inhardloop en vra hulle moet kom help. Hulle het probeer om die ambulans te ontbied, maar hulle is ingelig dat die ambulans onklaar is.

4. Gelukkig was dit nie die eerste keer dat sy met 'n bevalling moes help nie. Bykans twee jaar gelede, op 2 April 2021, moes sy ook help om haar tannie se baba te vang. Janbro, dié babaseuntjie, is nou byna twee jaar oud.

5. Oor Dinsdag se gebeure sê Meralize dat sy in trane uitgebars het en die baba vasgedruk het toe sy besef die baba is veilig gebore.

6. Sy het die baba omgedop en haar saggies agter haar vlerkies getik sodat die slym uit haar longe kon kom.

7. Die ma was baie verlig en dankbaar. Kaylin is haar vierde kind en met haar derde kind het sy op pad na die hospitaal gekraam.

8. Om te wys hoe dankbaar sy is vir Meralize se hulp, het sy haar gevra om die baba se naam te kies. "Ek het ook nie meer geweet watter name om te gee nie."

9. Meralize het op Kaylin Lee-Shay besluit. Dit is van haar maats se name en sy sê trots dat Kaylin hul name het.

10. Sy vertel toe sy destyds vir Janbro, haar tannie se kind, gevang het, het dinge vinnig gebeur.

11. Haar tante het geskree die baba kom en Meralize sê iets het oor haar gekom wat haar in staat gestel het om beheer te neem. My ma het so groot geskrik, sy het sommer weggehardloop."

12. Maar dit was 'n moeilike geboorte. Janbro is voete eerste gebore.

13. Meralize wil graag 'n rekenmeester word, maar sê dat sy na 'n droom Sondag nou anders dink.

14. "Ek glo die droom was 'n teken dat ek verpleegkunde moet gaan studeer."

15. Sy lag skaam oor die roem wat sy verwerf het en mense wat haar nou suster Perry noem.

16. "Ek het dit nie verwag nie. Ek glo die hand van die Here is oor my lewe."

17. Haar maats is ook so trots op haar dat hulle stry oor of sy 'n verpleegster of 'n dokter moet word.

18. "Maar nou wil ek hard werk en baie goeie punte kry, want ek wil my ouers gelukkig sien."

19. Sy is baie lief vir kinders en wil 'n verskil in mense se lewens maak. "Ek wil ná my studies in De Aar werk waar ek aan ons gemeenskap kan diens lewer."

20. Jenny Titus, adjunk-hoofonderwyskundige by die Noord-Kaapse onderwysdepartement en 'n oudonderwyseres van die Hoërskool Veritas, was baie trots toe sy van Meralize se weldade hoor en het sommer aangebied om haar aansoekfooi te betaal as sy verpleegkunde wil studeer.

21. Zolile Monakali, LUR vir onderwys, sê hy is verstom oor die gebeure. "Meralize moet definitief 'n loopbaan in die mediese rigting oorweeg."

22. Monakali het ook die Pixley ka Seme-distrikskantoor vir onderwys en die Hoërskool Veritas versoek om die nodige ondersteuning aan Meralize te gee in haar matriekjaar. "Hulle moet haar help om voor te berei vir verdere studie." Monakali sal die skool en sy nuwe heldin binnekort besoek.

Effens verwerk: https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/mense/heldin-van-de-aar-wil-nou-verpleeg-na-sy-2de- baba-die-lewe-inhelp-20230209

Vrae:

1.1. Wat noem ons ‘n vrou wat iets baie dapper doen?
Haal 1 woord aan as antwoord. (1)

1.2. Watter woord uit die leesstuk wys vir ons dat Meralize Perry vinnig beroemd geword het? (1)

1.3. Hoekom kon Meralize nie Dinsdagoggend by haar skool inkom nie? (1)

1.4. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

Gewoonlik is dit nie ‘n goeie ding om laat te wees vir skool nie. Daardie dag was dit wel gelukkig dat Meralize laat was vir skool omdat:

A. sy die ambulans kon ontbied.
B. sy vir Megan ontbyt kon maak.
C. sy vir Megan kon bystaan.
D. sy vir Megan kan huis skoonmaak (1)

1.5. Verduidelik wie Mannetjies is. (1)

1.6. Waarom kon die ambulans nie vir Megan Pieterse kom oplaai nie?
Haal 5 opeenvolgende woorde uit paragraaf 3 aan. (1)

1.7. Watter familielid van Meralize het sy voorheen gehelp om geboorte te skenk? (1)

1.8. Beskryf Meralize se reaksie toe die baba, Kaylin, veilig gebore is.
Noem twee goed wat sy gedoen het (2)

1.9. Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin mee te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Kyk na paragraaf 6.

Die slym moet uit ‘n baba se longe kom sodat die baba kan (asemhaal/praat). (1)

1.10. Waarom, het Kaylin se ma vir Meralize gevra om die baba se naam te kies? Gee twee redes. (2)

1.11. Die volgende stelling is WAAR.

Megan Pieterse het nie net een kind nie.

Haal uit die teks aan om te motiveer dat die stelling waar is. (1)

1.12. Waarom kan ons sê dat Megan Pieterse al voorheen nie by die hospitaal geboorte geskenk het nie? (1)

1.13. Waarvandaan het die naam Kaylin Lee-Shay gekom? (1)

1.14. Wat was Meralize se ma se reaksie toe haar tannie begin kraam het? (1)

1.15. Hoekom was Janbro se geboorte moeilik? (1)

1.16. In paragraaf 12 sê dit dat Meralize die Sondag ‘n droom gehad het.

1.16.1. Wat was Meralize van plan om voor die droom te studeer? (1)
1.16.2. Watter ander beroep het sy na die droom oorweeg? (1)

1.17. Watter bynaam het Meralize gekry nadat sy Megan Pieterse gehelp het? (1)

1.18. Pas die stelling in Kolom A by die korrekte antwoord in Kolom B. Skryf slegs die vraagnommers en die letters neer


| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.18.1 | Haar maats wou hê sy moet dit studeer. | A | Jenny Titus |
| 1.18.2 | Meralize se planne vir die res van haar matriekjaar. | B | Zolile Monakali |
| 1.18.3 | Die rede waarom sy in De Aar wil werk. | C | Harde werk |
| 1.18.4 | Sy was voorheen ‘n onderwyseres by Hoërskool Veritas. | D | Sy wil haar gemeenskap help. |
| | | E | Dokter |

(4)

(24)

**TEKS B**

Lees die visuele teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.



1.19. Noem die bron van hierdie teks. (1)

1.20. Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

67% van werknemers dink dat hulle (ongesond/gesond) is. (1)

1.21. Wat makeer 67% van die werknemers wat deelgeneem het? (1)

1.22. Noem 1 chroniese leefstyl siekte wat in die teks genoem word. (1)

1.23. Hoe weet ons dat ‘n groot persentasie Suid-Afrikaners nie fiks genoeg is nie? (1)

1.24. Na wie moet ‘n mens gereeld vir ondersoeke gaan? (1)

(6)

**Totaal afdeling A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som die SEWE wenke om te verseker dat mense van jou sal hou in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C: WENKE OM TE VERSEKER DAT MENSE VAN JOU SAL HOU.**

1. Is jy alleen, eensaam en sonder vriende? Jy wil graag hê dat mense van jou hou. Maar hoe doen jy dit? Hier volg 'n paar wenke wat jou kan help:

2. Mense se name is belangrik. Sommige mense word kwaad as hul name verkeerd uitgespreek word. Die verkeerde uitspraak van 'n naam kan die betekenis daarvan verander. Vir baie mense verteenwoordig hul name wie hulle is. Dit is dus belangrik dat jy mense se name korrek uitspreek, veral wanneer jy met hulle praat.

3. Wie hou van onvriendelike mense? Onvriendelike mense skrik ander af. Die ideale manier om grense tussen oud en jonk, man en vrou en verskillende tale af te breek, is 'n vriendelike glimlag. Terselfdertyd oefen jy jou lagspiere.

4. Mense gesels graag oor die dinge waarin hulle belangstel soos hul werk, sport, kos en stokperdjies. Dit werk wonderlik as jy met mense gesels oor die dinge waarin hulle geïnteresseerd is.

5. In sekere gevalle is konfrontasies onvermydelik, maar probeer sover moontlik om moeilike situasies wat tot argumente kan lei, te vermy. Hierdie vermoë word deur baie mense bewonder.

6. Jy moet ook leer om nie so maklik ander mense se gedrag te kritiseer nie, want mense kritiseer gewoonlik omdat hulle nie ander mense se optrede verstaan nie.

7. Jy wil ook graag vriende maak en mense nader trek – wees dus 'n positiewe persoon. 'n Uitstekende voorbeeld van iemand met 'n positiewe persoonlikheid was Suid-Afrika se voormalige president, Nelson Mandela.

8. Almal begaan foute. Wanneer jy verkeerd is, vra onmiddellik om verskoning. Dit help om enige moeilike situasie te red.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**




**SO, JY HET GEDINK DIS NET 'N *TOWNSHIP*-PROBLEEM?**

As 'n mens dink dat elektrisiteitsdiefstal net in *townships* plaasvind, moet (3.3) ('n mens) weer dink. Dit vind orals plaas, selfs in (3.4) (ryk) voorstede.

Diefstal lei tot hoër elektrisiteitspryse.
Dit het ook 'n (3.5) (negatief) effek op ons ekonomie.

**Dit is tyd om NEE te sê vir onwettige elektrisiteitsverbruik!**
**Laat Suid-Afrika van krag tot** (3.6) **(...) gaan!**
SMS 32211.
Rapporteer elektrisiteitsdiefstal nou!
(3.7) (...) 'n SMS aan Operasie Khanyisa.
Die krag is in jou hande.

OPERASIE
KHANYISA

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, Desember 2010]

3.1. Noem TWEE maniere waarop die adverteerder "gevaar" beklemtoon. (2)

3.2. Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die adverteerder gebruik die woord "jy" in die advertensie om dit (onpersoonlik/ persoonlik) te maak. (1)

3.3. Vervang die woorde tussen hakies met die KORREKTE VOORNAAMWOORD.

As 'n mens dink dat elektrisiteitsdiefstal net in townships plaasvind, moet ('n mens) weer dink. (1)

3.4. Gee die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord.

Dit gebeur orals, selfs in **ryk** voorstede. (1)

3.5. Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Dit het ook 'n (negatief) effek op ons ekonomie. (1)

3.6. Kies die antwoord wat die idioom KORREK sal voltooi.

Laat Suid-Afrika van krag tot ... gaan!

A. sterkte
B. aksie
C. mag
D. krag (1)

3.7. Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende WERKWOORD.

... 'n SMS aan Operasie Khanyisa. (1)

3.8. Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die krag is in jou hande. (1)

3.9. Voltooi die VERGELYKING deur die korrekte woord in te vul. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Die kabeldief is so steeks soos 'n ... en weier om op te hou steel. (1)

**(10)**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



"Tot siens, Skat. Ek ry nou. Wat maak jy vir aandete?"

[Verwerk uit: www.google.com]

4.1. Die strokiesprent verteenwoordig (represents) 'n gesin waarin die tradisionele rolle omgekeer (swopped) is.

Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling bewys. (1)

4.2. Wat noem ons die LEESTEKEN aan die einde van die vrou se spreekbeurt? (1)

4.3. Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die vrou vra vir haar man : "Wat maak jy vir aandete?" (1)

4.4. Watter boodskap, dink jy, probeer die vrou aan haar man oordra as sy die troetelnaam "skat" gebruik? (1)

4.5. Hoekom kan ons sê dat die familie nie allergies is vir troeteldiere nie. (1)

4.6. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE tyd.

Die man maak skoon, dan kook hy. (1)

4.7. Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die man en vrou het ‘n goeie verhouding. (1)

4.8. Stel ‘n VRAAG sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord vorm.

Die vrou is oppad <u>werk toe</u>. (1)

4.9. Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

4.9.1. Ma drink altyd ‘n koppie koffie voordat sy werk toe gaan. (1)
4.9.2. Vergeet jou sleutels! (1)

(10)

**Vraag 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (Teks F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1. Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

Die negejarige Caroline Smit van Tzaneen in Limpopo het verlede November geleer dat sy ‘n (5.1.1) massiewe gat in haar hart het. (5.1.2 ) Dokter Erich Schürmann kon Caroline met behulp van die Netcare-stigting gratis behandel.

Hy is ‘n (1.5.3.) (onvriendelike) man wat bereid was om die gesin te help. Sy moes ‘n lewensveranderende hartoperasie ondergaan. Dit stel haar nou in staat om eendag (1.5.4.)______ droom uit te leef om ‘n veearts te word.

Na haar operasie was sy baie bleek, maar sy is ook so taai soos ‘n (1.5.5.)________ .
Haar gesin is tog te bly dat sy nie vir lank moes (1.5.6). **ly** na die operasie nie.
Sy is drie (1.5.7) (dag) na die operasie ontslaan.

Caroline se pa, Petrus, sê dat dokter Schürmann ‘n (1.5.8) (goed) dokter is en dat hy baie dankbaar is vir wat hy vir sy dogter gedoen het.

(1.5.9.) ‘n Groep spesialiste het die operasie gedoen. (1.5.10.) Haar ouers sal Caroline help. (1.5.11.) Sy moet volkome herstel. Haar ouers is nie meer so bekommerd (1.5.12.) ________ haar nie. Dokter Schürmann is die man (1.5.13.) (wie/wat) haar lewe gered het. (1.5.14.) Caroline se pa sê dat hy baie dankbaar is.

Caroline en haar gesin het ‘n (1.5.15.) (boom) by die hospitaal geplant.

5.1.1. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Limpopo is ‘n (provincie / provinsie) van Suid-Afrika. (1)

5.1.2. Gee die AFKORTING vir die onderstreepte woord.

Dokter Erich Schürmann kon Caroline met behulp van die Netcare-stigting gratis behandel. (1)

5.1.3. Gee ‘n ANTONIEM vir die onderstreepte woord.

Hy is ‘n onvriendelike man wat bereid was om die gesin te help. (1)

5.1.4. Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Dit stel haar nou in staat om eendag ______ droom uit te leef om ‘n veearts te word. (1)

5.1.5. Voltooi die VERGELYKING. Skryf net die WOORD neer.

Na haar operasie was sy baie bleek, maar sy is ook so taai soos ‘n ________ . (1)

5.1.6. Haar gesin is tog te bly dat sy nie vir lank moes **ly** na die operasie nie.

Gebruik die HOMOFOON **lei** in ‘n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.7. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sy is drie (dag) na die operasie ontslaan. (1)

5.1.8. Gee die KORREKTE VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.

Caroline se pa, Petrus, sê dat dokter Schürmann ‘n (goed) dokter is en dat hy baie dankbaar is vir wat hy vir sy dogter gedoen het. (1)

5.1.9. Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

a) ‘n Groep spesialiste het die operasie gedoen. (1)

b) Haar ouers sal Caroline help. (1)

5.1.10. Skryf die sin oor, begin soos aangedui.

Sy moet volkome herstel. Sy behoort... (1)

5.1.11. Vul die korrekte VOORSETSEL in. Skryf net die woord neer.

Haar ouers is nie meer so bekommerd ________ haar nie. (1)

5.1.12. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Dokter Schürmann is die man (wie/wat) haar lewe gered het. (1)

5.1.13. Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE.

Caroline se pa sê: "Ek is baie dankbaar." (1)

5.1.14. Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Caroline en haar gesin het 'n (boom) by die hospitaal geplant. (1)

5.2. Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**



5.2.1. Wat noem ons ‘n persoon wat foto’s neem? (1)

5.2.2. Rangskik die sin in die KORREKTE WOORDORDE.

Hy / elke jaar / skoolfoto’s / om die klasse te onthou / neem. (1)

5.2.3. Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Hy neem sy tyd. Hy wil ‘n goeie foto neem. (omdat) (1)

5.2.4. Verskaf die ontbrekende woord.

Omdat dit koud is dra hulle almal t_____. (1)

5.2.5. Gee die naam van die item wat die man gebruik om foto’s te neem. (1)

(20)

Totaal afdeling C: 40

Groottotaal: 80